HESSEQUA MUNISIPALITEIT

VAKATURE

Die Munisipaliteit van Hessequa benodig die dienste van geskikte persone in die Direktoraat: Tegniese Dienste.

LEWENSREDDERS: HESSEQUA MUNISIPALE AREA

- **SPANLEIERS x7 (R300 PER DAG)**
- **LEWENSREDDERS x28 (R250 PER DAG)**

(1 September 2017 tot 30 April 2018)

Vereistes: Graad 10 of 'n gelykwaardige kwalifikasie • 'n Geldige Lewensreddingssertifikaat of gelykwaardige kwalifikasie met bewys van jaarlikse toetse • Geldige vlak 2 Noodhulpsertifikaat of bekombaar binne ses maande na aanstelling • Kode B bestuurderslisensie • Ses maande vrywillige ondervinding by 'n geregistreerde klub en/of gewerk as 'n lewensredder, sal as aanbeveling dien.
Pligte: Kom neergelegde prosedures na • Pas noodhulp toe • Behulpsaam met die toepassing van bywette (regulasies) • Stel swemareas (strande, swembaddens en getypoele) vas • Administratiewe take • Bevorder swembad- en strandveiligheid • Behulpsaam met lewensreddings • Voldoen aan die Senior Lewensredder se instruksies, reëls, regulasies en prosedures • Handhaaf die professionele beeld van Hessequa Munisipaliteit, asook behulpsaam met die retensie van die Blouvlag Standaarde en Status.

Hierdie is 'n vaste-termyn kontrak en nie 'n permanente aanstelling nie.

Die Munisipaliteit van Hessequa is 'n gelyke geleentheid werkgewer en moedig gestremdes, asook persone vanuit die voorheen benadeelde groepe aan om aansoek te doen om betrekkings. Kandidate kan aan 'n praktiese toets onderwerp word.

'n Munisipale aansoekvorm is verpligtend en 'n CV kan addisioneel aangeheg word. Slegs sertifikate / dokumente wat aan die minimum vereistes voldoen moet aangeheg word. (CV's en aansoekvorms van 4MB en groter kan nie via e-pos versend word nie.)

Volledig voltooide aansoekvorms moet aan Hessequa Munisipaliteit, Menslike Hulpbronbestuur, Posbus 29, Riversdal, 6670 of per e-pos aan applications@hessequa.gov.za of faks 086 518 7229 versend word. Onvolledige aansoeke sal lei tot diskwalifikasie. Ontvangs van aansoeke sal nie erken word nie en geen ondersteunende dokumentasie sal terugbesorg word nie. Vir enige navrae kontak me Jonecia Jansen by 028 713 7965.

Sluitingsdatum : 17 Julie 2017

Aansoeke wat na die sluitingsdatum ontvang word, sal nie oorweeg word nie. Persone wie teen 31 Oktober 2017 geen terugvoering ontvang het nie, moet aanvaar dat hul aansoek onsuksesvol was. Die Raad behou die reg voor om nie die vakatures te vul nie.